



## **Die vergewing van sondes**

*Apostolicum: (ek glo) - die vergewing van sondes, (Latyn) remissionem peccatorum;*

*Nicea: Ons bely een doop tot vergifnis van sondes. (Grieks) μολογοῦμεν ἐν βάπτισμα εἰς ἄφεσιν ἁμαρτιῶν (Latyn) Confitemur unum baptismum in remissionem peccatorum;*

*Romeine 7: 21 – 25 So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte. Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God, maar ek vind in my doen en late 'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my 'n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is. Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. So is dit dus met my gesteld: met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde.*

Daar staan 'n mens voor die spieël. Hy kyk en kyk en sien niks, net homself. Hy sien homself en niks meer nie. Wat sien hy? Die tekens van tyd, tekens van onbesonnenheid en tekens van genetika kyk terug na hom. Hy het gehoor hy is na die beeld van God geskep. Vasgevang in sy sonde kan hy net homself raaksien. *“Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig.”* Wat is die probleem? Kom ons luister na die gebede van die Fariseër en die tollenaar (Lukas 18). Die eerste bid oor homself en God is net aanhoorder: *“O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie- rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry. Die tollenaar kyk na*

homself, kyk weg en bid dan: *“O God, wees my, sondaar, genadig!”* Terwyl die mens na homself kyk, kan hy net homself raaksien en gaan sy skeppingsaard as geskape na God se beeld, 'n vreemde konsep bly. Net die mens wat raaksien dat hy geroepe is tot beeldraer – wat nie een van ons van nature is nie – kan sondevergifnis bely. Met hierdie inleidende opmerkings moet dit duidelik wees dat sonde 'n konsep is wat net in God se teenwoordigheid betekenis kry. Reeds ten aanvang moet duidelik gestel word dat ons vergifnis bely, ons bely nie sonde nie. In wat volg, gaan daar baie oor sonde gestel word, maar ons bely nie sonde nie, net soos ons nie die Satan bely nie en tog besef dat ons in sy visier is. Ons belydenis se klem is op vergewing, maar om dit werklik te verstaan, moet ons die onmoontlike poog deur in die spieël te kyk en dieper te kyk as die omgekeerde ek wat na my terugstaar.

Hierdie belydenis volg op die belydenis dat ons as mense deel is van die kerk en dat die Heilige Gees in ons lewens is. Wat is die praktiese implikasie daarvan dat die Heilige Gees in ons is? Die kort en praktiese antwoord is; *“die vergewing van sondes”*. Hierdie getroue reformatoriese antwoord moet nie onderskat word nie. Vergifnis as praktiese gevolg van die inwoning van die Heilige Gees beteken dat daar baie antwoorde gegee kan word vir die charismate wat met hulle emosionele versugtinge hulle teologie so skeef kan trek. Hierdie kort antwoord na die vraag van die effek van die Heilige

Gees op die mens wys op 'n getrouheid aan die Bybel se boodskap. Barth het tereg gestel dat ons as mense kon verwag dat daar ander sake aan die orde gestel word, sake soos kultiese vroomheid, moralisme, gnostiek, mistiek of intellektualisme.

Eintlik is dit vanselfsprekend dat die vergewing van sonde bely sou word. Daar is tot op datum deurlopend geredeneer dat die openbaring van God in Christus ons ten goede is. Die Christosentriese en genadige aspekte van die belydenis maak dit vanselfsprekend dat hier nie skielik 'n nuwe tema ingevoeg kan word nie. Dit sal nie in lyn wees met die Bybel of die res van die belydenis nie. Om nou byvoorbeeld wedergeboorte en bekering te bely, sou die fokus van God na die mens verskuif. By geleentheid van Openbare geloofsbelydenis (aanneme /voorstelling) bely ons dat die Bybel alles bevat wat ons nodig het vir ons saligheid. Saligheid is net moontlik indien sonde vergewe is.

Dit beteken nie dat die ander sake van geen belang is nie. Ons kan steeds praat oor bekering, oor wedergeboorte, oor mistiese sake. Dit is egter van tweede belang en word beredeneer vanuit die beginpunt; vergewing van sonde. Sake soos gawes van die Gees, en ander sake waarmee mense hulself besig hou, sal aan hierdie standaard gemeet moet word; vergewing van sonde. God se genade is nie 'n bron waaruit gawes geput kan word nie, genade is God se gawe wat beteken dat ons sondes vergewe is. Die Roomse kerk het gedwaal deur aflate te verkoop uit die skatkis van

goeie dade van heiliges. Charismatiese kerke handel in gawes van die Gees wat deur God uit genade aan mense toebedeel word. Dit kan tog nie. Genade is God se positiewe handeling van sondes vergewe.

Barth stel dat genade sondevergifnis is deur die krag van die Evangelie. Wedergeboorte, heiliging, krag tot berou, liefde, intendeel alle geestelike gawes word beperk en bepaal deur hierdie een werklikheid; die mens ontvang vergifnis van sondes as gawe, as geskenk van God. Hierdie geskenk van God het Jesus Christus sy lewe gekos.

Hierdie klem op die vergewing van sonde mag nie verstaan word as goedkoop genade of Goddelike oordadigheid nie. Die sonde moet in sy diepste wese verstaan word om te kan begryp dat dit geen melodrama is om te stel dat Jesus met sy lewe moes boet nie. Die mens maak van sonde 'n eksterne saak, 'n eenkant bedreiging. Daarteenoor moet gestel word dat sonde 'n saak is van wesensbelang. Terwyl mense sonde verstaan as tekort, gebrek, mislukking, swakheid of enige ander eksterne diskwalifikasie, sal die raaisel in die spieël dof bly.

Wat is sonde? Negatief moet ons stel dat sonde nie reduceer kan word tot 'n mislukking, fout, ongehoorsaamheid of iets dergeliks nie. Sonde is nie in die eerste instansie 'n verskynsel, 'n fenomeen nie. Die verstaan van sonde as sedelike tekortkoming is in ons tyd baie prominent. Intendeel, sonde is verskraal deur dit te versedelik. Dit is omdat die mens sonde as ervaringsfeit probeer aandui. Ironies dat hierdie aanname maak dat mense wat die

Evangelie nie ken nie, sonde nie kan peil of begryp nie. Sonde is nie 'n feit (werklikheid/ entiteit) teenoor die mens nie. Die sonde staan nie teenoor die mens nie. Sonde is 'n godsdienstige feit. Sonde beskryf 'n kerntoestand. "Sonde" beskryf die mens voor die aangesig van God. Sonde is so vervleg met ons menslike bestaan dat 'n menslike bestaan wat nie as sondig beskryf kan word nie, ondenkbaar is. Ons is sondaars en ons besef dit eers wanneer ons voor God te staan kom. In sy wese is die konsep daarom 'n wonderlike wekroep. God keer nie sy rug op die mens nie. God kom staan voor sy beeldraer. Die beeldraer reageer met ongeloof, die mens kom in opstand, die mens wil self God wees. Dit is in hierdie oomblik dat die mens besef dat daar ligjare afstand tussen God en mens is, die sonde maak die kloof oorweldigend groot en tog kom staan God voor die mens. Die mens se bestaansrealiteit beteken in die godsdienstige sin dat die mens sondaar is. Die erfsonde as konsep kan ook teen hierdie agtergrond verstaan word. Die sondeval is in sekere sin agter ons, en tog vind die sondeval steeds plaas. Adam is nie die outeur van ons sonde nie, ons is self die outeurs van ons sondigheid. Ons keer ons rug op God, wil self in beheer wees, wil self God wees. Ons menswees word gekenmerk deur ons opstandigheid teenoor God. Ons wil nie beeldraers wees nie, ons wil self beeld wees, eie outeur van eie bestaan. Ons sou so graag afstand tussen ons en sonde wou stel, maar God konfronteer ons met die feit dat die sonde in ons is, dat ons die sondaars

is – dit is 'n wesensuitspraak – 'n ontologiese feit. Hierdie gedagte stuit teen die bors, kan nie maklik begryp of aanvaar word nie. God stuit nie voor hierdie ontologiese feit nie. God verander ons wese deur ons te begenadig. Dit is genade. "Genade" is net soos "sonde" ook 'n godsdienstige begrip. God oorbrug die kloof tussen ons en Hom deur sy genade aan ons te betoon.

Hierdie verandering van die mens moet vanuit die mens self geskied. Daar is vanuit verskeie gelowe die vraag na die sonde en die aard van vergifnis. So maklik word gestel dat God mos maar net die sonde kan vergewe. Soos die vader wat die verlore seun vergewe het. Enige persoon wat sonde versedelik, sal so redeneer. "Dit is mos God se plig om te vergewe". Sodra ons verstaan dat ons die sonde is – ontologies – verstaan ons dat ons wesensverandering nodig het. Juis daarom moes die Tweede Persoon mens word. Hy moes mens word om ons wesenskenmerk se prys te betaal. Sonde is opstand teen God en dit loop uit op die dood. Die prys vir die dood is betaal en nou is ons wese verander. Ons is nou regverdig voor God. *Simul justus et peccator* – tegelyk sondaar en regverdige.

Die kerk mag nie die sonde minimaliseer of verdoesel nie. Die kerk verkondig ook nie die sonde nie. Die kerk verkondig die vergewing van sonde. Die kerk stel die mens voor 'n nuwe bestaansmoontlikheid. Die wonder dat ons sondes vergewe is, maak die kern uit van die Boodskap. Sonde en sleg is nie sinoniem te verstane nie. Alle slegtigheid is sonde,

maar dit is moontlik vir 'n deug om tot sonde gereken te word, juis omdat sonde 'n wesensaspek van die mens beskryf. Die fariseër se lewe was een van deug na deug. Juis dit was sy groot val. Hy was so opgetrek met homself dat hy nie besef het dat hy Christus nodig het nie. Hy het homself in die spieël gesien, gehou van wat hy sien en nie verder gesoek nie. Sy deug het hom verblind en hy het gedink hy het geen genade nodig nie, en so het deug sonde gewys en geword. So sou ons met elke vermeende menslike deug kon omgaan. Die feit is dat ons wese ons daade besoedel, dit kan nie anders nie. Tog word ons geroep tot goeie daade, maar dan as mense wat genade ontvang het.

Oor hierdie sondige bestaan, spreek God 'n nuwe woord uit; "vergifnis". Dit geskied op grond van God se genade. Die Nicea belydenis se verwysing na die doop moet teen die agtergrond wat reeds geskets is, verstaan word. Die doop is by uitstek die geleentheid waar die gelowige ingelyf word by die dood

en opstanding van Jesus (Kyk na Romeine 6:4, Kolossense 2:12). Een doop tot vergifnis van sonde beteken dus dat by die doop hierdie werklikheid bevestig word. Die feit dat die mens eens vir altyd verander word deur die nuwe lewe in Christus, kan as 'n addisionele argument ten gunste van net een doop verstaan word.

Die mens se nuwe toekoms is moontlik omdat Jesus die mens se wese vanuit die mens se bestaan kom verander het. Ons kort stelling dat ons glo dat sondes vergewe word, som die totaliteit van ons bestaan op, totdat Hy weer kom.

*Heidelbergse Kategismus Vraag 56:  
Wat glo jy van die vergewing van die sondes?*

*Antwoord:.. Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie.*